**Afrikaans** Click here for audio **28 – 30 April**

# Die reus sonder maniere

Eendag was daar 'n sproet gesig reus met geen maniere. Hy het elke dag gevloek en gespoeg. Op 'n dag begin sy neus vreeslik jeuk. Hy gaan sit op die vloer en soebat die boer om hom te help. Die boer se boetie se, "Gaan vra die Zoeloe by die museum, hy is baie slim". Die volgende oggend vroeg, trek die reus sy skoene aan, sit sy hoed op sy kop, roep sy seun en gaan soek die Zoeloe. Hy stap deur die veld en oor die heuwel tot by die Zoeloe se stoep. Teen die tyd het die reus baie sleg gevoel en begin hoes ook. Hy het die Zoeloe gegroet en die Zoeloe het teen sy stoel geleun en gese, "Jy moet genoeg oefen, baie neute eet en moenie weer vloek of spoeg nie!" Die reus het 'n groen koeldrank gedrink en huis toe gegaan en gedoen wat die Zoeloe gese het. Van daardie dag was hy 'n vriendelike en gesonde reus.

1. Wie het saam met die reus na die Zoeloe gegaan?
2. Waar moes die reus die Zoeloe gaan soek?
3. Vir wie het die reus gesoebat?
4. Wat is 'n museum?
5. Watter raad het die Zoeloe vir die reus gegee?
6. Wat is maniere?

LIVEWORKSHEETS